# CAP Nuusbrief

Christians Against Poverty

**November 2023**

*"Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê. Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is."*
*Speuke 11:25*

***CAP Overall***
*Debt free people: 2370*
*Debt free 2023 only:102*

***ACK CAP Centre only***
*Debt free overall: 15*
*Debt free 2023 only: 3*

---

*Tans word 19 families vanuit ons sentrum gehelp om uit hul skuld te kom*

## Terugvoering van kliënte

In ons *CAP Nuusbrief* dateer Augustus 2023 het ons gelees van Anjeleka se verhaal en hoe CAP, en in besonder ons CAP Hulp Sentrum, haar gehelp het om skuldvry te kom. Meer nog, hoe die Here ook CAP gebruik om mense vir Sy Koninryk te bereik.

Ek plaas graag nog enkele terugvoeringe wat ons die afgelope tyd ontvang het (vir kliënte se privaatheid gebruik ek nie hulle volle name nie):

Kliënt J skryf – *"I thank the team so much for working tirelessly to help people like me to make sense of our financial situation and making reaching out a great experience. I am grateful this community exists!"*

Kliënt K skryf – *"Thanks so much for your help. If I had known all of this from the start, I wouldn't have taken so long to respond. This has made my day and now allows me to get a good night's sleep without substantial stress."*

Kliënt D & J skryf – *"Thank you for your time, we are so blessed to have this opportunity to feel God's presence and peace through this process. It is nice to not face this alone. Thank you to being a good friend through this."*

Dit voel soms na 'n verlore stryd maar met Anjeleka en ander se terugvoering, bemoedig dit ons en is ons dankbaar dat ons hierdie werk vir Sy Koningkryk kan doen.

## Hoe kan u betrokke raak?

Donate

Daar is verskeie maniere. Om net 'n paar te noem:-

- Bid asseblief vir ons as "Debt Coaches" en bid vir die kliënte om nie net skuldvry te kom nie, maar om ook hulle lewens aan die Here oor te gee.
- Oor net meer as 'n maand is dit weer Kersfees! CAP se dienste is gratis en om dit moontlik te maak is ons afhanklik van donasies. Ons is dankbaar vir soveel van ons lidmate wat donasies direk aan CAP maak (capnz.org/donate) en ander wat dit aan die ACK kerk bemaak vir plaaslike CAP-werk. Met die fondse wat aan die kerk geskenk word, is ons o.a. bevoorreg om weer kersgeskenke aan kliënte se kindertjies te kan gee. Ons het ook reeds 5 Bybels ontvang en ons hoop om 'n Bybel aan elke gesin te kan gee wat nog nie een besit nie.
- Praktiese Ondersteuning - Ons is steeds opsoek na nog persone om saam met ons op besoeke te gaan en `n ondersteuningsnetwerk te bied vir ons kliënte. Ons is baie dankbaar vir soveel gemeentelede wat reeds hulleself beskikbaar gestel het vir hierdie rol, selfs al is dit vir net een dag in 'n week.
- `n Verjaarsdagkaartjie/koek te maak veral vir die kindertjies en wie weet, dalk 'n Kerskoek! Die moontlikhede bly eindeloos.

Volunteer

## Wat gebeur tans in ons sentrum



Op die oomblik word 19 families vanuit ons sentrum gehelp om uit hul skuld te kom. Daar is vyf kliënte wat in die vroeë stadium van die proses is dws. afsprake het vir 1ste of 2de besoeke; nog 'n kliënt wat wag vir 'n besoek waar 'n begroting aan hulle voorgehou kan word; en daar is 'n verdere 13 kliënte wat reeds verder in die proses is om skuldvry te kom en die voorgestelde begroting volg.

Die jaar spoed ten einde en eerskomende Donderdag, 16 November, het ons Noord-Eiland(Sentraalstreek), ons jaareinde-afsluitingsfunksie. Alle dokumente vir die voorbereiding van 'n begroting vir 'n kliënt, moet nie later as 1 Desember by CAP hoofkantoor in Auckland wees. Dit sal hulle in staat stel om begrotings voor 15 Desember gereed te kry wat ons dan met kliënte kan bespreek voordat CAP hoofkantoor op 22 Desember amptelik afsluit vir die jaar.

Ek en Hermiena beoog om in die laaste paar dae voor Kersfees, geskenkpakkies, Bybels en moontlik kospakkies ('n Kerskoek?) aan kliënte uit te deel.

Die kern bly steeds "Sharing Jesus". Die vraag is, is 'n kliënt, en elkeen van ons as "Debt Coaches", na elke besoek een stap nader aan God?

## Gebedsversoeke



- Eerste van alles wil ek en Hermiena graag elkeen van u bedank vir u gebede vir ons en vir die CAP kliënte. Baie dankie vir u gereelde bydraes aan die CAP-aksie en vir die morele en ander ondersteuning aan ons as "Debt Coaches".
- Bid asseblief vir mense wat CAP nader om hulp. Daar is kliënte in ernstige nood wat graag gehelp wil word (nie net bakhand staan nie). Sommige het in die posisie beland agv. hul eie toedoen en swak besluite. Ander soek hulp nadat omstandighede hulle in die verknorsing laat beland het – werk verloor; siektes; huismoleste; ens.
- Bid asseblief steeds vir D & J met hul 3 seuntjies waarvan 2 daaglikse mediese hulp nodig het. D is steeds werksaam en tans besig met verdere opleiding.
- Bid vir W wat verstandelik aangetas is na breinskade. Bid veral vir haar "Mental Health Nurse" wat haar bystaan en wat vir ons tot groot hulp is.
- Wysheid aan ons as "Debt Coaches" om elke kliënt met deernis en respek te behandel.
- God se hulp om ons uiteindelike doel, naamlik om mense na Hom toe te lei, te bereik.

## Behoeftes vir kliënte

Die doel van CAP is nie om kliënte van fondse of materiële items te voorsien nie, maar hierdie behoeftes is baie algemeen. Gesels asseblief met my of Hermiena as u iets materieël het wat u moontlik wil skenk. Verskeie het ook die behoefte om net hul finansies na behore te bestuur. Dit is hier waar CAP Money van groot hulp kan wees.

**Ons opregte dank aan gemeentelede wat bereid is om die tyd af te staan om saam met ons die kliënte te gaan besoek.**

**Kyk gerus na CAP se webblad vir meer inligting.**

https://www.capnz.org/contact/

**Kontak besonderhede:** Morkel Swart 027 493 7761
morkel.swart@capnz.org
https://www.capnz.org/